| EKSAMEN | NASIONALE SENIOR SERTIFIKAAT |
|---|---|
| **GRAAD** | 12 |
| **DATUM** | NOVEMBER 2025 |
| **VAK** | AFRIKAANS<br>EERSTE ADDISIONELE TAAL |
| **VRAESTEL** | 3 |
| **PUNTETOTAAL** | 100 |
| **TYDSDUUR (UUR)** | 2½ |
| **AANTAL BLADSYE** | 6 |

SACAI

SOUTH AFRICAN COMPREHENSIVE ASSESSMENT INSTITUTE

SUID-AFRIKAANSE KOMPREHENSIEWE ASSESSERINGSINSTITUUT

## INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Hierdie vraestel bestaan uit **DRIE** afdelings.

| | | |
|---|---|---|
| **AFDELING A**: | Opstel | (50) |
| **AFDELING B**: | Lang transaksionele teks | (30) |
| **AFDELING C**: | Kort transaksionele teks | (20) |

2. Beantwoord **EEN** vraag uit elke afdeling.

3. Begin **ELKE** afdeling op ’n **NUWE** bladsy.

4. Jy moet jou skryfstukke beplan, redigeer en proeflees. Gebruik byvoorbeeld ’n kopkaart of ’n vloeidiagram of sleutelwoorde. Doen die beplanning **VOORDAT** jy die finale produk vir elkeen van die afdelings skryf.

5. **ALLE** beplanning moet duidelik aangedui en ingelewer word. Daar word aanbeveel dat jy ’n streep deur alle beplanning trek.

6. Nommer die skryfstukke volgens die nommeringstelsel soos dit op die vraestel genommer is.

7. Skryf die titel/opskrif boaan elke **FINALE** skryfstuk neer.

8. Skryf duidelik die woorde **FINALE SKRYFSTUK** boaan die skryfstuk wat geassesseer moet word.

9. Beplan jou tyd só:

| | |
|---|---|
| **AFDELING A:** | ongeveer 80 minute |
| **AFDELING B:** | ongeveer 40 minute |
| **AFDELING C:** | ongeveer 30 minute |

10. Dui die getal woorde aan die einde van jou skryfstuk aan.
**LET WEL:** Die titel word **NIE** in aanmerking geneem as die woorde getel word **NIE**.

11. Skryf netjies en leesbaar, slegs in **BLOU** ink.

## AFDELING A: OPSTEL

### VRAAG 1

- Skryf ’n opstel van 250–300 woorde oor EEN van die volgende onderwerpe.
- Skryf die nommer en die titel wat jy kies boaan jou skryfstuk.

1.1 TikTok **[50]**

1.2 Leer jou emosies ken **[50]**

1.3 Kyk met nuwe oë na die lewe **[50]**

1.4 Gewone mense kan buitengewone goed regkry **[50]**

1.5 Ouers en tieners **[50]**

Kies een van die volgende prente en skryf ’n opstel daaroor. Skryf die vraagnommer (bv. 1.6, 1.7, 1.8) en die titel van jou opstel neer.

**LET WEL:** Daar moet ’n duidelike verband wees tussen die opstel en die prent wat jy gekies het.

1.6



*[Bron: https://yourteenmag.com/teenager-school/teenager-middle-school/path-to-self-discovery]* **[50]**

1.7



*[Bron: https://www.bwuphoto.com/tag/about-nature-photography-day]*

**[50]**

1.8



*[Bron: https://www.facebook.com/K7Radio/photos]*

**[50]**

**TOTAAL AFDELING A: [50]**

# AFDELING B: LANG TRANSAKSIONELE TEKS

## VRAAG 2

- Kies EEN onderwerp en skryf 120–150 woorde daaroor.
- Skryf die nommer en die titel van die onderwerp wat jy kies, boaan jou skryfstuk neer.

### 2.1 INFORMELE BRIEF

Jou beste maat het onlangs begin damprook (*vape)* en drink soms te veel alkohol. Jy is bekommerd oor jou maat se gesondheid.

Skryf ’n INFORMELE BRIEF aan jou maat en praat met hom/haar hieroor. **[30]**

### 2.2 INFORMELE TOESPRAAK

Die graad 12-leerders het besluit om hulle skool dié vriendelikste skool in die omgewing te maak. Jy moet vir die skool vertel hoe elke leerder saam gaan werk om ’n skool te skep waar leerders en onderwysers geliefd voel.

Skryf die INFORMELE TOESPRAAK wat jy gaan lewer neer. **[30]**

### 2.3 E-POS

Jy gaan volgende jaar by ’n tersiêre instansie studeer. Jy wil graag jou handboeke in digitale formaat aankoop.

Skryf ’n E-POS aan die eienaar van die boekwinkel om navraag te doen oor die beskikbaarheid en koste van digitale handboeke. **[30]**

### 2.4 HULDEBLYK

Jou skool se hoof tree aan die einde van die jaar af. Die skool reël vir die hoof ’n afskeidspartytjie. Die onderhoof het jou gevra om ’n huldeblyk by die funksie te lewer.

Skryf ’n HULDEBLYK vir die hoof wat aan die einde van die jaar aftree. **[30]**

**TOTAAL AFDELING B: [30]**

© SACAI KOPIEREG

## AFDELING C: KORT TRANSAKSIONELE TEKS

### VRAAG 3

- Kies EEN onderwerp en skryf 80–100 woorde daaroor.
- Skryf die nommer en die titel van die onderwerp wat jy kies, boaan jou skryfstuk neer.

3.1 **KORTTEKSBOODSKAP (WHATSAPP)**

Jy en jou vriend/vriendin moes mekaar aan die einde van die matriekafskeidsfunksie voor die lokaal (*venue*) ontmoet om saam huis toe te ry. Julle het mekaar egter gemis en jy is alleen huis toe.

Skryf 'n KORTTEKSBOODSKAP waarin jy verduidelik wat gebeur het. **[20]**

3.2 **UITNODIGING**

Jy vier binnekort jou verjaardag.

Skryf 'n UITNODIGING om jou vriende en familielede na jou partytjie toe te nooi. **[20]**

3.3 **INSTRUKSIES**

Jy is 'n suksesvolle smaakmaker (*influencer*). Jou vriend/vriendin vra vir jou wat om te doen om ook 'n smaakmaker te word. Gee vir jou vriend/vriendin instruksies om te volg.

Skryf SEWE INSTRUKSIES puntsgewys in volsinne neer. **[20]**

**TOTAAL AFDELING C: [20]**

**GROOTTOTAAL: [100]**